jou KLEUTER

HERKEN *hardlywigheid*

ILLUSTRASIES: SUSAN NEWHAM

As jou kind skielik weer bed natmaak of gereeld blaasinfeksie kry, moet jy op die uitkyk wees vir hardlywigheid.

1. 'n Nat bed en broekie is 'n teken dat opgehoopte poef druk op die blaas uitoefen.

2. Poefglipsies wanneer jou kind al lankal van die doek af is, is 'n teken van hardlywigheid. Soms kan die rektum nie meer die poef hou nie en kom dit onwillekeurig uit.

3. 'n Kind wat te veel poef – drie keer per dag of meer – is 'n teken dat die rektumspiere al so verrek het dat hulle nie hul werk doen nie.

4. Was daar 'n poef so reusagtig in die toilet dat jy jou man geroep het om te kom kyk? Dis 'n teken van hardlywigheid!

5. Slap poef. Dit klink verkeerd, maar soms is dit die lyf se manier om verby die verstopping te kom. Die harde poef sit nog binne vas, en die slap poef glip verby.

6. Is klipharde poef soos 'n boomstomp of harde, ronde balletjies reg? Nee, gesonde poef moet sagte slangetjies vorm.

7. 'n Gejeuk en 'n gekrap tussen die boude of poefmerke in die broekie. Verstopte kinders sukkel om reg af te vee.



8. Elke nood is 'n noodgeval. As jou kind aanhoudend bietjies-bietjies gaan pieps, is die oorsaak dalk hardlywigheid.

9. 'n Kind wat ongereeld poef, is moontlik hardlywig. Maar onthou, selfs al poef jou kind elke dag, beteken dit nie alles is noodwendig pluis nie.

10. Al weer blaasinfeksie? Bakterieë uit die oorvol rektum vind hul pad na die blaas.

11. Maagpyn. Hardlywigheid is die #1-rede waarom kinders kla dat hul magies pyn.

www.yourparenting.co.za